Wanneer jy haelgeweer skiet, moet jy atleties en glad kan beweeg. Kry beter skouerbeweging deur fleece-baadjies te dra. Hulle is warm en dun en hulle rek wanneer jy jou haelgeweer swaai. Jy sal vrylik beweeg en jou swaai sal glad wees tot reg deur die deurvolg. As jou haelgeweer 'n rubber-skopkussing het, draai dit met elektrisiteit se band toe. Twee of drie stroke oor die lengte van die agter kant van die kolf waar dit jou skouer ontmoet, is genoeg, maar draai dan die punte met een lang strook toe dwars oor die kolf ook vas. Die kussing sal maklik oor jou klere gly. Dit is moeilik om op teiken te kom as jou klere jou montering belemmer, so skaf 'n paar jag-spesifieke uitrustings aan, dit is

vir 'n rede so ontwerp.

6. Bly op die teiken

Baie jagters verloor selfvertroue wanneer hulle 'n voël met die eerste skoot mis. In plaas daarvan om op te volg, beweeg hulle aan na 'n ander voël. Wanneer jy aanbeweeg na 'n nuwe voël, begin jy van voor af, en nuut begin van voor af kan moeilik wees. Hou by die eerste voël waarop jy geswaai en geskiet het. Jy was waarskynlik naby aan 'n tref skoot, waarskynlik net 'n bietjie agter jou teiken. Bly gefokus op jou uiteindelijke doel, maak 'n paar aanpassings soos om jou voorsprong te vergroot, en neem daardie tweede skoot. Die kans is baie groter dat jy dit sal regkry om met jou tweede skoot akkuraat raak te skiet, deur klein aanpassings toe te pas as wat dit sou wees om op 'n nuwe teiken te fokus.

7. Bepaal jou lope se korrel patrone met verskillende wurg-apparate - “chokes”

Soms is dit moeilik om die afstand na 'n voël korrek te skat. Hulle vlieg en swenk vining rond in die lug, en in die ope blou lug van die veld, speel daardie oop ruimte met jou oë. Jou afstand skatting sal gewoonlik jou laat dink dat jy “daardie ongelooflike lang skoot” in die gesig staar, maar daardie lang skoot is regtig glad nie so ver nie. My voorstel is om die patroon wat jou hael-korrels maak op verskillende afstande met jou lope se wurg-apparate te bepaal. Baie min skuts neem ooit die tyd om dit werklik met hul haelgeweer se te doen. Ek was weliswaar skuldig daaraan dat ek dit in die verlede oorgeslaan het. Maar sonder korrel-patrone het jy nie duidelike bewyse van jou geweer se impakpunte nie. Ek beveel ten minste aan om patrone op 10, 20, 30 tot op 40 meter te toets met jou drie hoof wurg-apparate.

8. Ruil jou ladings uit

Aan die begin van 'n jagtog gooi baie skuts 'n boks patrone in hul jag baadjie se sakke. Dit beteken dat hulle dieselfde lading patrone gebruik vir voëls wat naby aan hul opvlieg, weg van hul af vlieg en dan ver van hulle af eindig. Vir beter patroon- of korrelverspreiding, probeer om jou patrone te wissel na gelang van die situasie.

As jy met 'n dubbel-loop haelgeweer skiet, het jy twee skote en gemiddeld drie skote met 'n pomp-aksie haelgeweer. Vir dubbel-loop haelgewere, laai 'n ligter lading, vir jou eerste skoot end an 'n

swaarder lading vir jou tweede. In pomp-aksie haelgewere gaan die ligter lading in die kamer gelaai word, die swaarste lading gaan laaste in die magasyn. Verander die grootte van jou patrone se korrels met kleiner korrels vir die nabyskote en groter korrels vir afstand. Deur jou patrone reg aft e wissel, sal jy beter variasie verkry tussen nabyen ver skote, en sal die werkverrigting van jou haelgeweer verbeter.

9. Vra 'n vriend vir hulp

As jy na 'n klei-teiken skietbaan toe gaan, is daar baie ander skuts wat vir jou raad wil gee en vertel wat om te doen. Maar wat doen jy, as jy verskeie verskillende opinies kry, wat almal goed bedoel is? Die een raadgewer sê, jy het agter die voël geskiet, die ander sê jou wang was nie op die kolf nie, en die derde sê jy het jou swaai voortydig gestop. Dit sal jou net deurmekaar maak.


Gebruik eerder een van jou gereelde en vertroude jag-maats om jou dop te hou. Vra hom om een ding te identifiseer wat jy verkeerd gedoen het en stel dit eerste reg. As daar 'n tweede of derde probleem is, pak daardie probleme volgende aan. Professionele-skietinstrukteurs kyk gewoonlik oor 'n student se skouer om te sien wat hulle sien. Dit is belangrik, want dit is akkuraat. As jou vriend van jou 'n paar videos kan neem kan julle saam sekere foute uitwys en daaraan werk.

10. Werk aan die meganika

As voël- of watervoël jag nie ons harte laat klop het nie, sou ons dit waarskynlik nie gedoen het nie. Maar ongebreidelde opgewondenheid laat ons ons meganika vergeet. 'Wanneer ons opgewonde raak, raak ons geweermontering slordig. Wange is nie vasgenaai aan kolf nie, ons oë kyk nie reguit teen die rib af nie, en die kolf se agterkant land op ons skouer in plaas van in die holte tussen ons skouer en bors. Dan werk ons voorste en agterste hande nie ge-sinchroniseer nie en kry die lope baie tromp beweging wat veroorsaak dat ons oor of onder 'n voël skiet.

Ek veronderstel jy kan mediteer of joga doen, maar ek het gevind dat gereelde skiet oefening op klei-teikens die oplossing is. Met die regte oefeninge tydens klei-teiken skiet oefeninge, bou jou spiere geheue op (muscle-memory), so wanneer voëls in die veld van jou af vlug, sal jou liggaam dit doen waarvoor jy hom opgelei het. Deur op jou teiken te fokus is ook 'n maklike manier om senuwees te kalmeer. Swak, ongefokusde konsentrasie beteken dat jy nie die voël se vlugplan duidelik optel nie. Fokus dus op jou teiken, neem 'n oomblik om jou brein kans te gee om sy berekeninge te doen, en laat jou harde werk op die oefen baan die harde werk doen. Jy sal sien; die meganika sal in plek val.

VRYSTAAT JAGTERS



JAGTERSLOGBOEK

@ R50 per boekie

Bevat:

Proklamasie 2022

Magtiging vir Betree van
Eiendom en
Vervoer van karkasse

ALGEMENE JAARVERGADERING & TROFEEKOMPETISIE

15 OKTOBER 2022

07h00 – 11h00 Inskrywing van trofeeë

11h00 – 13h00 Algemene Jaarvergadering en verkiesing van bestuur

13h00 Braai

19h00 Dinee en prysuitdeling



9 THINGS EVERY CONCEALED CARRIER NEEDS, BEFORE LEAVING THE HOUSE

By: G. Halek Published: 30 March 2016

There are quite a few important things that every person who is carrying a firearm, should be knowledgeable of doing, in preparation for their daily self-defense carry needs. It's something that should never be taken lightly, and we should be doing all we can to be a proficient and safe as we possibly can.

Here are 9 things that I feel, every concealed carrier needs before leaving the house.

1. Knowledge of gun laws

Do you know the law; as they apply to your carriage of a concealed and loaded firearm? Your knowledge of the law must be iron clad, because it is the law you will be tried by, if something goes afoul.

2. The right gun for the occasion

There's not one concealed option for everyone and not all situations demand the same firearm. Did you pack appropriately? A couple factors you'll need to consider before stepping out the door:

- Does your clothing provide adequate coverage of the firearm?
- Have you trained yourself how to properly use that firearm?
- Have you practiced your draw stroke at least 5 times (with an unloaded and safe firearm) with the clothing you are currently wearing?

3. Safe, reliable holster

Putting a firearm in your pocket is dangerous because there's no way to protect or secure the trigger guard. It doesn't matter if it's a hot shot Alien Gear holster or just a simple nylon one. Inside the waistband, in the purse, in the pocket – the choice is yours.

Here's the following key features your holster should always have:

- **Trigger guard control** – your trigger should never be exposed until you want it to be.
- **Firearm retention** – you want the firearm to stay put even when you move around.

- **Secured to the body** – this is preferable. Something on your body is much harder to take than something in a bag or briefcase.
- **Accessibility** – you can get to your firearm at a moment's notice.

There's a lot more factors that are helpful in a holster but those are definitely key.

4. Spare magazine

If you're carrying a pistol, chances are good you may think one magazine is perfectly sufficient. However, taking a spare, loaded magazine means you have the ability to do a magazine change. This is especially helpful in events where the immediate threat has been neutralized but it is unknown if other threats are still out there. It's also a good thing to practice in general.

Tip: If you're able, put that extra magazine in a spare pocket, glove box, or anywhere where you can reasonably get access to it if you need it.

5. Training for everyday carry

The greatest weapon a person can employ in their own survival is their mind. The mind is an incredibly instinctive thing. When stimulated by fear or adrenaline, it tends to become a lot simpler. However you train yourself is precisely how your mind will react to danger. Just like a dog can be trained to fetch the newspaper, your mind needs to be trained to react in certain ways — differentiating friend from foe, keeping your head on a swivel, voice commands with bystanders, etc.

Tip: Every day is an opportunity to train. Even if you're running non-firearm related drills such as communication, spotting, or coordination exercises

– you’re helping develop a skillset that will serve you a lifetime.

6. A round in the chamber

Is your firearm loaded with a round in the chamber?

If the answer is no – ask yourself whether you are willing to spare the time it takes to load a round in the chamber in the middle of a gunfight. Part of being an everyday carrier is taking responsibility for your firearm. If you have trained properly, have the proper holster, and understand the law reasonably well – you should carry with a round in the chamber. If you’re worried about a negligent discharge, refer to the fundamental principles of firearm safety.

7. The fundamental principles of firearm safety

- Treat every firearm as if it were loaded.
- Keep your finger off the trigger until you intend to fire.
- Do not point your firearm at anything you do not intend to shoot.
- Know what is in front and directly behind your target.

Live it, love it, breathe it.

These four rules dramatically reduce the chances you will put a round in the wrong place. Even if you’ve grown up hearing those words, keep them fresh in your mind at all times.

8. A Clear, Sober Mind

If you’ve been drinking – leave the guns locked up at home. If you’ve been drinking at home, leave the guns in a safe. When your perception has been

altered, you’re not thinking clearly. No matter how much you’d like to think so – whatever you do with a firearm will be brought before a prosecutor. And even if you think you’re straight – he or she may not.

9. Situational awareness

This one may be a bit more quixotic to pin down but if you’re upset, depressed, angry, or just plain irritable, you have to maintain your focus. Your ability to gauge a situation largely depends on you being able to observe it.

“The first step to avoiding a trap is knowing of its existence.” – Thufir Hawat

Conclusion

With these, and maybe even more, we can be safe and prepared armed citizens. It’s up to us, as individuals, to make these smart decisions.

Have anything to add? Don’t agree with something in the list above? Hit the comments section below and chime in.

GH is a Marine Corps veteran of Operation Iraqi Freedom and has served as a defense contractor in Afghanistan in support of Operation Enduring Freedom. His daily concealed carry handgun is a Glock 26 in a Lenwood Holsters Specter IWB or his Sig Sauer SP2022 in a Dara Holsters Appendix IWB holster.

Source:

https://concealednation.org/2016/03/9-things-every-concealed-carrier-needs-before-leaving-the-house/?utm_campaign=meetdgar&utm_medium=social&utm_source=meetdgar.com

<https://www.incognitoconcealment.com/blog/kydex-holsters-facts-myths/>



A Quality Kydex holster with magazine attachment



Correct choice in clothing will help conceal your firearm without “printing”



Train continuously to obtain a winning MINDSET and develop skills to match in order to win in a fight

JAG UIT TOEKA SE DAE TOT VANDAG

deur Johan Bekker

Jagmetodes en jag-etiek het baie verander oor die eeue. Baie van die verandering het plaasgevind as gevolg van natuurlike ontwikkeling en aanpassing van die mens by sy omstandighede. Dikwels het verandering in jag-etiek tesame met jagmetodes saamgesmelt by die verandering in tegnologie wat jagters gebruik om hul teiken diere mee van kant te maak. Meer hedendaags; het politieke- of sosiale druk verandering in jag-etiek te weeg gebring.

Die vroeë sogenaamde “Jagter-versamelaars” (Hunter-gatherers) was prehistoriese nomadiese groepe wat die gebruik van verfynde (dog primitiewe) tegnologie ontwikkel het vir jag en huishoudelike doeleindes. Onder hul onderskeidende kenmerke het die jagter-versamelaars diere aktief doodgemaak vir voedsel in plaas daarvan om vleis wat deur ander roofdiere agtergelaat is, te aas. Onlangse ontledings van argeologiese terreine in Oos-Afrika se Groot Skeurvallei, het vasgestel dat vroeë mense, die vermoë ontwikkel het om diere tot wildebees-grootte prooi in hinderlae te lei en met behulp van eenvoudige houtspiese te dood. Hierdie houtspiese is gebruik om mee te

steek of op kort afstande te gooi as deel van hul hinderlaag jagstrategie. Verdere ontwikkeling van suksesvolle jagters het gelei tot die gebruik van skerp gemaakte klippunte vir hul spiese om mee te jag. As gevolg van die dinamika van die klippunte en die kenmerke van die menslike-anatomie, kan aangeneem word dat selfs hierdie spiese nie op lang afstande gebruik was nie.

As gevolg van die gevare wat gepaard gegaan het met hierdie kort afstand wapens, het mense tegnologiese vooruitgang gemaak met die ontwerp en bou van wapens wat oor (effens) langer afstande prooidiere kon doodmaak. So het jagters begin om bv. ‘n Atlatl-met-spies en selfs later pyl-en-boog vir jag te gebruik.



Vroeë jag – Uitbeelding van Hinderlaag Jagstrategie



‘n Atlatl met spies

Die Landbou-rewolusie, het die oorgang in die menslike geskiedenis van klein, nomadiese groepe jagter-versamelaars na groter, landbou-nedersettings en vroeë beskawings gemerk. Sedert daar op Afrika se vasteland nedersettings gevestig is, was daar gejag op die plaaslike diere. Na die nedersetting van Europese settelaars aan die Kaap het die ontwikkeling van landbou veroorsaak dat

meer grondgebied verder van die kus af verken en benut moes word.

Veral wanneer ons kyk na ons eie land hier aan die Suid-punt van Afrika, sal ons ook sekere veranderinge sien. Teen die 1700's het die Nederlanders die omliggende gebiede van die Karoo en Klein Karoo begin verken, waar hulle kon leef van florerende troppe Kwagga, Blesbok en ander wildsbokke wat die streek bewoon het.

Uittreksel vanuit die dagboek van Jan van Riebeeck - 08 Januarie 1655:

"Daglimier het ñ lieflike sonskyn dag aan die Kaap gebring."

Die manne wat die dag by die soutpanne doenig was het gedurende die dag berig gebring dat hul ñ renoster by die soutpan geskiet het. Die dier, volgens hulle, was steeds lewend en het

in modder vas gesit. Van Riebeeck en van die amptenary, het kort daarna die soutpan besoek. Volgens die dagboek kon die voorlaaiers nie die dier doodskiet nie.

"Daar was by ñ 100 skote geskiet" - Alvorens "sukkes" behaal was.

(Lees mens tussen die lyne dan was die probleem waarskynlik nie soseer die skuts nie, maar eerder die wapens se onvermoeë tot penetrasie.) Volgens die dagboek het die aanwesiges letterlik ñ gat agter die renoster se blad uitgekap met ñ byl, die voorlaaier se tromp daarna by die gat gehou en die skoot afgedruk.

Nadat die eerste nedersettings gevestig was het avontuurlustige karakters al dieper in die "Donker Kontinent" verken en jag gemaak op allerhande kreature waarvan meeste "beskaafde" mense nog nie eens gehoor het nie, wat nog van gesien het.



Courtesy of Wikipedia from R.G. Gordon Cumming's *Five years Hunting Adventures in South Africa*; rhinoceros

Teen die vroeë 1800's het ongerepte natuur, groot avonture aan elkeen belowe, wat bereid was om sy ou lewe agter te laat en die nuwe geleenthede te gaan verken. Teen 1820 het die grootste Engelse settelary aan die Kaapse kus aangekom. Dit was kort na hul aankoms dat 'n groep avontuurlustiges die waarde van professionele jag gesien het en eerder as om die tradisionele roete van handelaar of boer te volg, bloot begin jag het vir die wins wat ivoor en ander diere produkte kon bring.

Vir 'n groter deel van die 19de eeu was groot troppe wild nog algemeen in die binneland van Suider-Afrika; wat die beskouing dat dit 'n "sportman" se paradys is; in die gedagtes van avontuurlustige individue gevestig het. Die natuurlewe op die Afrika-kontinent het duidelik 'n kragtige houvas op hierdie pioniers gehad. Hul verbeelding rondom jag-ekspedisies en -stories was eindeloos en daarom is verskeie boeke gepubliseer oor hul avonture terwyl hulle op die vasteland was. Die benutting van wild asook ander natuurlike

hulpbronne; het al te dikwels onder sinnelose kortsigtigheid en gierigheid gely; omdat die grootskaalse jag en doodmaak van enorme getalle diere; wel plaasgevind het. Tog was hierdie vorm van “avontuur”, algemeen aanvaarbaar en dikwels aangemoedig. Vroeë Safari-jagters was kleurvolle figure wat een van die sleutelfaktore was, wat gelei het tot die gewildheid van grootwildjag en die romantiese Europese opvatting van jag in Afrika.

Gelukkig was daar darem ook diegene soos die

vroeë Voortrekkers; wat nie vir faam of wins gejag het nie, maar vir huis en pot. Baie kan afgelei word oor die individue en kulture wat jagaktiwiteite gedurende die 19de eeu beoefen het. Dit was nie net ‘n kwessie van die verhouding tussen mense en die natuurlewe nie. Dit het gegaan oor jagters wat grootliks op ‘n volhoubare wyse vir voedsel gejag het teenoor diegene wat hoofsaaklik vir die avontuur gejag het.



Plaaslike jagters spog met die biltong (vleis wat hang om droog te word). Foto omstreeks 1880's. Met inagneming van die rooi kruis-armband wat een van die individue op die foto gedra het, is dit waarskynlik tydens ‘n militêre veldtog geneem.

In baie gevalle was daar ook ‘n sterk sosiale aspek betrokke by hierdie jagekspedisies. So byvoorbeeld sou ‘n tipiese “Grootwild-Safari” bestaan uit slegs een of twee jagters met ‘n menigdom van ondersteunings personeel; soos geweer-draers, kamp dienaars, kokke en ander bediendes. Daarteen vergelyk ‘n tipiese jag vir voedsel wat sou bestaan uit pa-en-seun groepies van ongeveer 12 tot 20 jagters. Somtyds sou hele families betrokke wees by die jagtog, waar die gesin hul ossewa gebruik het as basis en elke dag in verskillende rigtings gaan soek het vir prooi.

Op hierdie stadium sal dit onregverdig wees om te suggereer dat kwynende wildgetalle slegs deur jagaktiwiteite van die tyd veroorsaak is..... Goud en diamante is in die Hoëveld-streek en Noord-Kaap ontdek; en aangesien mense in hul massas geluk met pik en graaf kom soek het; het natuurlike fauna

en flora aan die kortste end getrek. Hierdie groot migrasie van mense het massiewe navraag vir kosvoorsiening te weeg gebring met bykomende behoefte in landbou gronde. Dit het gelei tot verdere habitat vernietiging van eens vrylopende wild. Daar was die persepsie dat die groot wildtroppe van Suid-Afrika so sterk was; dat die jagaktiwiteite asook die voorsiening van wildsvleis aan die massas op die mynkampe; min uitwerking op die dierebevolkings sou hê, maar in werklikheid is groot skade aangerig. Die liefde vir jag wat die settelaars getoon het, en die enorme skielike aanvraag vir voedsel vir die groeiende bevolking, het gelei tot ‘n groot vermindering in wildgetalle deur hoofsaaklik habitat vernietiging, maar gedeeltelik ook deur ongereguleerde jag. Iets moes gedoen word.



HF Gros foto van 'n jagkamp.

Hierdie beeld is waarskynlik tydens sy toere deur Transvaal gedurende 1888/1889 geneem

In 1884 het president Paul Kruger aan die parlement voorgestel dat 'n wildreservaat noodsaaklik is om die natuurlike natuurlewe te beskerm. Kort na sy voorstel is die bekende Krugerwildtuin gestig, 'n gebied van 2 miljoen hektaar in die noordooste van Suid-Afrika, met die doel om die natuurlike habitat en inheemse diere te beskerm. Met die draai van die 20ste eeu het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek tussen die Afrikaners en die Britte. Nadat hulle die eerste veldslae verloor het, het die Britte taktiek verander en groot gebiede grond begin verskroei. Hierdie aksies het wild verder onder druk geplaas. Gelukkig het die pogings van Paul Kruger om beskermde nasionale parke te vestig, gehelp om die land se wildbevolkings te herstel nadat dit deur grond-ontwikkeling vir kommersiële boerdery en die oorlog verwoes is.

As gevolg van die Industriële ontwikkelinge van die 20ste eeu, was daar minder geld om in te win deur middel van professionele jag of jag safari's. Mense het al hoe meer met hul Land Rovers op hul eie begin jagtogte onderneem en ongereguleerde jag was redelik aan die orde van die dag, omdat niemand werklik eienaarskap van wild kon eien nie. Dit het sekere dierebevolkings in staat gestel om te herstel, waar ander diere soorte weer onder meer druk verkeer het, maar daar was steeds 'n groot bedreiging van habitat vernietiging aangesien groot gebiede privaat grond gebruik is om met

vee en gewasse te boer. Sekere spesies was steeds hoogs bedreig insluitende die Bontebok, Swartwitpens en Swartwildebessies, maar daar was wel sporadiese pogings om hierdie spesies terug te teel tot gesonde getalle.

Die instelling van private wildeienaarskap in die vroeë 1970's, het daarin geslaag om die private sektor in staat te stel om wettige gereguleerde toeristejag in te stel. Dit het die een van die belangrike faktore geword om die gesondheid van wildbevolkings te herstel aangesien dit 'n aanspooring geskep het om kuddes en hul natuurlike habitatte te beskerm.

En so kom ons tot waar ons vandag is. Wildsplase het oral ontpop en vra privaat jagters verskillende fooie om van hul geriewe gebruik te maak terwyl daar op hierdie plase gejag word. Ek wil nie betrokke raak in die argumente dat hedendaagse jag aktiwiteite baie steriel en selfs kunsmatig geword het nie. Dit is nie die doel van hierdie artikel nie. Ek ondersteun gereguleerde jag wat gesonde etiese waardes nastreef en terselfdertyd 'n bydrae maak tot natuurbewaring. Maar ek moet ook erken dat ek daarna hunker om terug te gaan in tyd en ook die wilde en ongerepte Afrika te kon ervaar sonder grensdrade en bakkie-fooie. En ter afsluiting dink ek ook dat die jagters van vervloë jare nie aan vandag se standarde gemeet en geoordeel kan word nie.

Bronne:

<https://www.theheritageportal.co.za/article/hunter-and-hunted-photographed-early-south-african-hunting-photographs-1860s-1910> - Article Author: Carol

Hardijzer; Friday, May 11, 2018

<https://www.greaterkudulandsafaris.com/post/the-history-of-hunting-in-south-africa>

<https://zimfieldguide.com/bulawayo/big-game-hunters-present-day-zimbabwe-until-1880>

[https://www.nature.com/scitable/knowledge/library/neanderthal-behavior-59267999/#:~:text=Hunting%20technology&text=Neanderthals%20were%20consummate%20hunters%20of,their%20tips%20\(Shea%201988\).](https://www.nature.com/scitable/knowledge/library/neanderthal-behavior-59267999/#:~:text=Hunting%20technology&text=Neanderthals%20were%20consummate%20hunters%20of,their%20tips%20(Shea%201988).)

<https://humanorigins.si.edu/human-characteristics/tools-food>

TROFEEKOMPETISIE EN AJV 2021



TOEKENNINGS



*Riaan Meintjies saam met **Gevorderde jagters**: George Lyell, Ben Oosthuizen, WJ De Klerk, Neels Viljoen, Johan Bekker en Wessel de Villiers*



***Nuwe Meters**: Jacques Douglas, Arrie van der Vyver en Andrew Piyttides saam Riaan Meintjies (Voorsitter)*

TROFEEWENNERS 2021

Kulu de Jagter oorhandig



Groot Kampioen Senior Johan Schuster



'Jagter-met-sy-prooi' foto: Freek du Plessis



Natuurlewe foto: Burger Roets



Junior Binnelandse Kampioen: Sydney Lyell



Suidelike Rooiboktrofee: Hennie Fourie



Savanna wildtrofee: Blackie Swart

DINEE EN 40JARIGE BESTAAN/ VERJAARDAGVIERING



Stigterslede Daan en Susan Bodenstein, Johnny Diederichs, Vossie en Sophie Bresler, Sus en Kobus van Tonder, Izerka en Alwyn Swart en Trudie en Leon Oelschig.



Chasa Exco Marius Haarhoff saam met stigterslede: Daan Bodenstein, Leon Oelschig, Riaan Meintjes - Voorsitter, Kobus van Tonder, Alwyn Swart, Johnny Diederichs, Vossie Bresler en Stephan Palos - Chasa

STIGTERSLEDE ONTVANG 40^{STE} BESTAANSJAAR SERTIFIKATE

Riaan Meintjies oorhandig



Kobus van Tonder



Alwyn Swart



Johnny Diederichs



Daan Bodenstein



Vossie Bresler



Leon Oelschig



Petrie Steynberg, Anneke, Sophie en Vossie Bresler



Andrea en Pierre Visser, Rachelle de Jager



Izelle en Ramon Stydom



Therese Boje en Louis Nel

CHASA INTERVERENIGING VLAKTE SPANSKIET



Ope Klas Wenners: Louis Nel Sportskietkoördineerder, Burger Roets, Stoffel du Raan, Petrus Steynberg en Francois Minnaar.



Standaardklas wenners: Innes Basson, Anneke Bresler, Jaco de Meyer en Ronnie Dusse

CHASA INTERPROVINSIAAL 2021



Mans ope span wenners: Kulu de Jager (Interprovinsiale Span), Stoffel du Raan (Interprovinsiale Ope Span) Quenton Pretorius, Petrus Steynberg saam verteenwoordiger van Glock en William Smale van CHASA



Vrouespan Wenners: Sune de Villiers, Anneke Bresler, Jeanine Kymdell en Annalize Pieterse

CHASA INTERPROVINSIAAL 2021



Standaardwenners: Cabbie Louw, Niel Greeff, Innes Basson(Interprovinciale Std Span)

INTERTAK



Intertakwenners 2021 Dewetsdorp: Pollie du Plessis, Willie van den Berg, Nelius Schlebusch, Philip Oosthuizen saam met Louis Nel

INTERVERENIGING MULTI DISSIPLINÊRE SPANSKIET



2de plek: Stoffel du Raan, Daan Bodenstein (voorsitter Bloemfontein-tak) Louis Kok, Burger Roets (Flippie Oosthuizen afwesig.)

CHASA RANGLYS - TOEKENNINGS



Chasa Junior Weners: Francois Grove & Corné Duminy



Burger Roets



Lita Swarts saam met Dames Chasa wenner: Anneke Bresler, Louis Nel



Rian Horn

MESSE OPGEVEIL VIR 40 JAAR HERDENKING




Andre de Jager, Neels wat die messe gemaak het, Kulu de Jager en Chris Kleynhans

40 JAAR LIDMAATSKAP



Nick van der Walt President van Vrystaat Jagters ontvang 40 Jaar lidmaatskap van Stephan Palos van CHASA



VRYSTAATSE JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
FREE STATE HUNTERS AND GAME CONSERVATION ASSOCIATION
(EST. 1981)

C: 082 558 7189
E-mail: lita@vsjagters.co.za

Fax: 086 515 7926
www.fshunters.co.za

AANSOEK OM LIDMAATSKAP

Van:	
Voorname:	
Noemnaam:	
Adres:	
Kode:	
Telefoon:	
Selfoon:	
E-Pos:	
ID Nommer:	
Beroep:	

- Is u al ooit geskors of lidmaatskap geweier by enige ander Jagters- en Wildbewaringsvereniging?
JA / NEE
- Tak waarby u wil inskakel:

SKEDULE VIR BETALING VAN INTREEGELD EN LEDEGELD VIR LEDE WAT AANSLUIT VIR 2021

VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER 2021 – 30 SEPTEMBER 2022

TIPE LID	INTREEGELDE	LEDEGELD 2021
Senior lid	R200.00	R700.00
Familiepakket (Senior lid en gade)	R200.00	R700.00 – Senior lid R275.00 - Gade
Familiepakket (Senior lid met gade en junior lede of voltydse studente)	R200.00	R700.00 –Senior lid R275.00- Gade R180.00 –per kind eenmalig by aansluiting tot ouderdom van 18 of voltydse student, behalwe in geval van Toegewyde Junior Jagter
Pensionaris 65 EN OUER	R200.00	R470.00
Junior lid en voltydse studente	R75.00	R180.00 -Eenmalig by aansluiting in tot ouderdom 18
Junior lid met Toegewyde status	R75.00	R180.00

3. Die hoofdoelstelling van die Vrystaatse Jagters- en Wildbewaringsvereniging is grondwetlik die volgende:
- om te ywer in die bevordering van die jagsport in die algemeen en in die besonder in die Vrystaat;
 - om te ywer in die verkryging van meer jaggeleenthede en jaggeriewe vir sy lede;
 - om te verseker dat sy lede die beginsel en wetlike verordeninge met betrekking tot natuurbewaring verstaan, respekteer; en
 - om samewerking met persone en instansies op die gebied van jagsport en natuurbewaring te bevorder.

EK ERKEN DAT EK DIE BOSTAANDE DOELSTELLINGS VAN DIE VERENIGING GELEES HET EN DAT EK MY DAARMEE VEREENSELWIG. EK DOEN Hiermee AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN DIE VRYSTAATSE JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING EN VERKLAAR VOORTS:

- i) Dat ek nog nooit skuldig bevind is aan oortreding van die wildwette, ordonnansies of regulasies van enige provinsie in die Republiek van Suid-Afrika; en
- ii) Indien my aansoek om lidmaatskap suksesvol is, verbind ek my om my te vereenselwig met bogenoemde doelstellings en my te onderwerp aan die grondwet, gedrags en dissiplinerekode van die vereniging.

4. Ek verklaar dat bostaande inligting korrek en juis is.

Aansoeker:

Datum:

4.1 Voorgesteld deur:

Adres:

Poskode: Lid No:

Handtekening:

4.2 Gesekondeer deur:

Adres:

Poskode: Lid No:

Handtekening:

5. Voorsteller en Sekondant:

LW: Sowel die voorsteller as die sekondant MOET lid van Vrystaatse Jagters- en Wildbewaringsvereniging wees.

6. **NB: U intreefooi en eerstejaar se ledegeld moet u aansoek vergesel anders kan u aansoek nie oorweeg word nie.**

7. Ek sluit hierby in my tjek/poswissel/kontant ten bedrae van R _____ wat die intreefooi sowel as ledegeld tot en met die einde van die huidige Finansiële jaar, wat op 31 Desember eindig, insluit.

Die vereniging behou hom die reg voor om enige aansoek om lidmaatskap te weier sonder om redes te verstrek.

Bankbesonderhede: ABSA Loch Logan, Bloemfontein. **Rekeningnommer: 470 168 048**, Takkode: 632005

Vrystaat Jagters- en Wildbewaringsvereniging | Posbus 17469, Bainsvlei, 9338. Lita Swarts: 082 558 7189

HUNTING SEASON - PROVINCIAL GAZETTE

Provincial
Gazette

Free State Province



Provinsiale
Koerant

Provinsie Vrystaat

Published by Authority

Uitgegee op Gesag

PROCLAMATION

[No. 16 of 2021]

By virtue of the powers vested in me by section 4 of the Nature Conservation Ordinance, 1969 (Ordinance No. 8 of 1969), I, Makalo P. Mohale, Member of the Executive Council responsible for Economic, Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs in the Province, hereby declare that any authorized person may hunt / capture ordinary game as follows:

Free State Province Hunting Season	
Species of “ordinary game” in accordance with Schedule 2.	Period during which hunting or capturing of “ordinary game” may take place.
Helmeted Guineafowl (<i>Numida meleagris</i>), All Spurfowl All Francolin Common Quail (<i>Coturnix coturnix</i>), Egyptian Goose (<i>Alopochen aegyptiacus</i>), Spur-winged Goose (<i>Plectropterus gambensis</i>), Yellow-billed Duck (<i>Anas undulata</i>), Red-billed Teal (<i>Anas erythrorhyncha</i>), Red knobbed Coot (<i>Fulica cristata</i>).	1 June up to and including 15 September. A maximum of ten (10) terrestrial gamebirds, and ten (10) waterfowl per hunter per day (including wounded birds and those not retrieved). Hunters must be aware that, depending on conditions, some of these game birds and waterfowl breed in the Open season and, apart from Common Quail (<i>Coturnix coturnix</i>), may be hunted only if in flocks of three (3) or more.
South African Shelduck (<i>Tadorna cana</i>)	1 January up to and including 30 April 1 per hunter per day. May only be hunted when in groups of 10 or more birds.
Springbok (<i>Antidorcas marsupialis</i>) Blesbok (<i>Damaliscus pygargus phillipsi</i>), Blue Wildebeest (<i>Connochaetes taurinus</i>), Bushbuck (<i>Tragelaphus scriptus</i>), Gemsbok (<i>Oryx gazella</i>), Giraffe (<i>Giraffa camelopardalis</i>), Red Hartebeest (<i>Alcelaphus buselaphus</i>), Impala (<i>Aepyceros melampus melampus</i>), Burchell's Zebra (<i>Equus burchellii</i>), Waterbuck (<i>Kobus ellipsyprimus ellipsyprimus</i>), African Buffalo (<i>Syncerus caffer</i>) Kudu (<i>Tragelaphus strepsiceros</i>) Eland (<i>Taurotragus oryx</i>).	1 January up to and including 31 December if the property is in possession of a valid adequate fencing certificate in terms of section 2(2)(a) of the Game Theft Act, 1991 (Act No. 105 of 1991) and that the species to be hunted is specified on the certificate. 1 April up to and including 30 September. Animals may be hunted on farms that have not been issued with an adequate fencing certificate in terms of section 2(2)(a) of the Game Theft Act, 1991 (Act No. 105 of 1991).
Klipspringer (<i>Oreotragus oreotragus</i>), Steenbok (<i>Raphicerus campestris</i>), Common Duiker (<i>Sylvicapra grimmia</i>), Mountain Reedbuck (<i>Redunca fulvorufula</i>)	1 January up to and including 31 December if the property is in possession of a valid adequate fencing certificate in terms of section 2(2)(a) of the Game Theft Act, 1991 (Act No. 105 of 1991) and that the species to be hunted is specified on the certificate.
Warthog (<i>Phacochoerus africanus</i>) Bushpig (<i>Potomachaerus larvatus</i>)	1 January up to and including 31 December on all properties in the province.

Cape Hare (<i>Lepus capensis</i>), Scrub Hare (<i>Lepus saxatilis</i>).	1 April to 30 September. A total of three (3) Cape Hare (<i>Lepus capensis</i>) or three (3) Scrub Hare (<i>Lepus saxatilis</i>) per hunter per day may be hunted.
**Klipspringer (<i>Oreotragus oreotragus</i>), **Common Duiker (<i>Sylvicapra grimmia</i>), **Steenbok (<i>Raphicerus campestris</i>), Mountain Reedbuck (<i>Redunca fulvorufula</i>) Cape Hare (<i>Lepus capensis</i>), Scrub Hare (<i>Lepus saxatilis</i>).	May not be hunted at night.
The following protected species may only be hunted when an additional protected species hunting permit has been approved in advance: Cape Teal (<i>Anas capensis</i>) Knob-billed duck (<i>Sarkidiornis melanotos</i>) White-face Whistling duck (<i>Dendrocygna viduata</i>) Cape shoveller (<i>Anas smithii</i>) Southern Pochard (<i>Netta erythrophthalma</i>) Sable antelope (<i>Hippotragus niger niger</i>)	Waterfowl - 1 June up to and including 15 September. Only two (2) per species per hunter per year per permit. Sable antelope 1 January up to and including 31 December May not be hunted at night
**Black Wildebeest (<i>Connochaetes gnou</i>), **Hartman Zebra (<i>Equus hartmannae</i>), **Tsessebe (<i>Damaliscus lunatus lunatus</i>), **Common Reedbuck (<i>Redunca arundinum</i>). **Roan Antelope (<i>Hippotragus equinus equinus</i>), **Bontebok (<i>Damaliscus pygargus pygargus</i>).	In terms of the National Environmental Management: Biodiversity Act, 2004 (Act No. 10 of 2004) Threatened or Protected Species Regulations and related amendments, additional permits are required to hunt these species, unless the farmer or game capturer is registered as a Threatened or Protected Species Regulations (TOPS) Game Farm or game capturer.
Roan Antelope (<i>Hippotragus equinus equinus</i>), Bontebok (<i>Damaliscus pygargus pygargus</i>).	DNA must be taken during translocation actions.
Capturing of all "ordinary game" species.	1 March up to and until 15 September per capturing guidelines and regulations.
"Ordinary game" species not listed in the proclamation.	"Closed season" may not be captured or hunted without additional permits.
This hunting proclamation comes into effect on the date published in the <i>Provincial Gazette</i> and remains in effect until such time that it is re-evaluated and amended by proclamation in the <i>Provincial Gazette</i>	

GIVEN UNDER MY HAND at BLOEMFONTEIN on THIS 9TH DAY of FEBRUARY 2022

MR M.P. MOHALE, MPL

MEMBER OF THE EXECUTIVE COUNCIL: ECONOMIC, SMALL BUSINESS DEVELOPMENT, TOURISM AND ENVIRONMENTAL AFFAIRS

FREE STATE PROVINCIAL GAZETTE (Published every Friday)	VRYSTAAT PROVINSIALE KOERANT (Verskyn elke Vrydag)																								
All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, Tel.: (051) 403 3139. Free Voucher copies of the Free State Provincial Gazette or cuttings of advertisements are NOT supplied. The cost per copy of the Provincial Gazette is as follows:	Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein, Tel.: No. (051) 403 3139 geadresseer word. Gratis eksemplare van die Vrystaat Provinsiale Koerant of uitknipsels van advertensies word NIE verskaf nie. Die koste per kopie van die Provinsiale Koerant is soos volg:																								
<table border="1"> <tr><td>EMAIL</td><td>R 10.00</td></tr> <tr><td>COLLECTION</td><td>R 23.00</td></tr> <tr><td>POST</td><td>R 35.00</td></tr> </table>	EMAIL	R 10.00	COLLECTION	R 23.00	POST	R 35.00	<table border="1"> <tr><td>E-POS</td><td>R 10.00</td></tr> <tr><td>AFHAAL</td><td>R 23.00</td></tr> <tr><td>POS</td><td>R 35.00</td></tr> </table>	E-POS	R 10.00	AFHAAL	R 23.00	POS	R 35.00												
EMAIL	R 10.00																								
COLLECTION	R 23.00																								
POST	R 35.00																								
E-POS	R 10.00																								
AFHAAL	R 23.00																								
POS	R 35.00																								
SUBSCRIPTION RATES (payable in advance) The subscription fee for the Provincial Gazette (including all Extraordinary Provincial Gazettes) is as follows: <table border="1"> <tr><td>6 MONTHS, EMAIL</td><td>R 280.00</td></tr> <tr><td>12 MONTHS, EMAIL</td><td>R 560.00</td></tr> <tr><td>6 MONTHS, COLLECTION</td><td>R 500.00</td></tr> <tr><td>12 MONTHS, COLLECTION</td><td>R 1 000.00</td></tr> <tr><td>6 MONTHS, POST</td><td>R 870.00</td></tr> <tr><td>12 MONTHS, POST</td><td>R 1 740.00</td></tr> </table>	6 MONTHS, EMAIL	R 280.00	12 MONTHS, EMAIL	R 560.00	6 MONTHS, COLLECTION	R 500.00	12 MONTHS, COLLECTION	R 1 000.00	6 MONTHS, POST	R 870.00	12 MONTHS, POST	R 1 740.00	INTEKENGELD (vooruitbetaalbaar) Die intekengeld vir die Provinsiale Koerant (insluitend alle Buitengewone Provinsiale Koerante) is soos volg: <table border="1"> <tr><td>6 MAANDE, E-POS</td><td>R 280.00</td></tr> <tr><td>12 MAANDE, E-POS</td><td>R 560.00</td></tr> <tr><td>6 MAANDE, AFHAAL</td><td>R 500.00</td></tr> <tr><td>12 MAANDE, AFHAAL</td><td>R 1 000.00</td></tr> <tr><td>6 MAANDE, POS</td><td>R 870.00</td></tr> <tr><td>12 MAANDE, POS</td><td>R 1 740.00</td></tr> </table>	6 MAANDE, E-POS	R 280.00	12 MAANDE, E-POS	R 560.00	6 MAANDE, AFHAAL	R 500.00	12 MAANDE, AFHAAL	R 1 000.00	6 MAANDE, POS	R 870.00	12 MAANDE, POS	R 1 740.00
6 MONTHS, EMAIL	R 280.00																								
12 MONTHS, EMAIL	R 560.00																								
6 MONTHS, COLLECTION	R 500.00																								
12 MONTHS, COLLECTION	R 1 000.00																								
6 MONTHS, POST	R 870.00																								
12 MONTHS, POST	R 1 740.00																								
6 MAANDE, E-POS	R 280.00																								
12 MAANDE, E-POS	R 560.00																								
6 MAANDE, AFHAAL	R 500.00																								
12 MAANDE, AFHAAL	R 1 000.00																								
6 MAANDE, POS	R 870.00																								
12 MAANDE, POS	R 1 740.00																								
CLOSING TIME FOR ACCEPTANCE OF ADVERTS All advertisements must reach the Officer in Charge of the Provincial Gazette not later than 12:00 (Tuesday), three workings days prior to the publication of the Gazette. Advertisements received after 12:00 on the Tuesday of the publication week, will be held over for publication in the issue of the following week, or if specifically requested by the advertiser, will be published as a "Special Publication". In such cases, the advertisement must be delivered to the Officer in Charge not later than 12:00 on the Thursday preceding the publication of the Gazette and double rate will be charged for that advertisement. Advertisements received for publication on the same day, will be charged at triple the normal rate. A "Late Advertisement" will not be inserted as such without definite instructions from the advertiser.	SLUITINGSTYD VIR DIE AANNAME VAN ADVERTENSIES Alle advertensies moet die Beampte belas met die Provinsiale Koerant bereik nie later nie as 12:00 (Dinsdag), drie werksdae voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na 12:00 op die Dinsdag van die publikasie week ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week, of as die adverteerder dit verlang, sal dit geplaas word in 'n "Buitengewone Koerant". In sulke gevalle moet die advertensie aan die Beampte oorhandig word nie later nie as 12:00 op die Donderdag voordat die Koerant gepubliseer word en dubbeltarief sal vir dié advertensie gevra word. 'n Drievoudige tarief sal gevra word vir advertensies wat ontvang is vir publikasie op die selfde dag. 'n "Laat Advertensie" sal nie sonder definitiewe instruksies van die Adverteerder as sodanige geplaas word nie.																								
ADVERTISEMENT RATES Notices required by Law to be inserted in the Provincial Gazette: R 66.00 per centimeter or portion thereof. Advertisement fees are payable in advance to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, 9300, Tel.: (051) 403 3139.	ADVERTENSIETARIEWE Kennigewings wat volgens Wet in die Provinsiale Koerant geplaas moet word: R 66.00 per sentimeter of deel daarvan. Advertensiegelde is vooruitbetaalbaar aan die Beampte belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein 9300, Tel.: (051) 403 3139.																								
NUMBERING OF PROVINCIAL GAZETTE You are hereby informed that the numbering of the Provincial Gazette /Tender Bulletin and notice numbers will from 2010 coincide with the relevant financial year. In other words, the chronological numbering starting from one will commence on or after 1 April of every year.	NOMMERING VAN PROVINSIALE KOERANT U word hiermee in kennis gestel dat die nommering van die Provinsiale Koerant / Tender Bulletin en kennisgewingsnommers vanaf 2010 met die betrokke boekjaar sal ooreenstem. Met ander woorde, die kronologiese nommering beginnende met een, sal op of na 1 April van elke jaar begin.																								
Printed and published by the Free State Provincial Government	Gedruk en uitgegee deur die Vrystaatse Provinsiale Regering																								

BASIESE NOODHULP

Deur Johan Bekker

Noodhulp is die eerste mediese sorg wat 'n siek of beseerde persoon kry; veral nadat 'n onverwagse insident plaasgevind het. In sommige gevalle is dit dalk die enigste sorg wat iemand nodig het, terwyl dit in ander gevalle, kan help om iemand lank genoeg aan die lewe te hou; totdat paramedici opdaag of die pasiënt na die hospitaal geneem kan word. Die beste manier om vir hierdie geleenthede voor te berei, is om amptelike noodhulp opleiding te kry, maar totdat jy dit kan doen, wil ek kortliks vir julle in hierdie artikel praktiese riglyne tuisbring. Hierdie riglyne kan in jou alledaagse lewe gebruik word; maar sal ook van groot waarde wees is die jagveld.

In 'n noodsituasie is dit maklik om verbouereerd en ongeorganiseerd op te tree, veral as jy nie die behoorlike opleiding gehad het nie, en dus is dit belangrik om sò 'n situasie met 'n plan te benader. Hierdie plan word in twee dele gedeel nl: Die Primêre Onderzoek en Die Sekondêre Onderzoek.

PRIMÊRE ONDERSOEK

